Nuusbrief 206

18 Oktober 2016

Beste Lede,

GEWYSIGDE NRVS-TARIEWE

Die jaarlikse wysigings van die NRVS-tariewe is in Staatskennisgewing GoN 1200 van 30 September 2016 gepubliseer en is effektief vanaf die publikasiedatum. Dit beteken dat vorige heffings en tariewe gepubliseer in Julie 2015 geldig is tot en met 30 September waarna die nuwe heffings en tariewe op 1 Oktober van toepassing word.

Vir volume-gehefde aanlegte (plaaslik) beteken dit dat produksievolumes tot met die einde van die derde kwartaal binne die vorige heffings val, en vir produksievolumes van die laaste kwartaal sal die nuwe heffings geld. Hou dit asseblief in gedagte wanneer die verklarings en betalings in Januarie 2017 ingedien word.

Kommoditeitbeskrywing	**Eenheid**	**Ou tarief per eenheid**	**Ou tipe 5 produk-sertifiseringstarief per eenheid**	**Nuwe tarief per penheid**	**Nuwe tipe 5 produk-sertifiseringstarief per eeneid**
		R	**R**	**R**	**R**
		1 Julie 2015 tot 30 Sept 2016		**1 Okt 2016 tot volgende jaarlikse verhoging**	
Verduursaamde hout (VC 9092)	1 m^3	R1.18	R1.06	**R1.25**	**R1.12**
Aansoekfooi vir die goedkeuring van 'n vervaardigingsaanleg (magtigingsbrief) vir die verduursaming van hout – Nieterugbetaalbaar	Per aanleg	R1 202	-	**R1 275**	**-**
Aansoek om verkooppermit – Nieterugbetaalbaar[1)]	Per aansoek	R2 640.00	-	**R2 800**	**-**
1) Gewoonlik word verkooppermitte benodig vir vervaardigingsaanlegte wat buite Suid-Afrika gesetel is en behandelde hout na Suid-Afrika deur 'n geregistreerde entiteit in Suid Afrika versend.					

NRVS-VERKLARING EN BETALINGSPROSES VAN HEFFINGS

Alle aanlegte behoort verklaringsvorms van die NRVS te ontvang op intervalle van periodes 1 Januarie tot 31 Maart, 1 April tot 30 Junie, 1 Julie tot 30 September en 1 Oktober tot 31 Desember. Betaling geskied dan aan die einde van Julie vir die eerste 6 maande en aan die einde van Januarie vir die laaste 6 maande van die vorige jaar.

Volgens die NRCS is die oneffektiwiteit van die poskantoor en inkorrekte e-posadresse die oorsaak waarom vele van die verklaringsvorms nie hulle bestemmings bereik nie. Om die probleem op te los en die moontlikheid van vervolging a.g.v. nieverklaring en niebetaling te verhinder, soos in NRVS wetgewing vervat, adviseer ons dat aanlegte wat nie die kwartaallikse verklaringsvorms ontvang nie so gou moontlik hulle korrekte besonderhede met die NRVS verifieer. Alternatiewelik kan aanlegte van die volgende opsies gebruik maak:

1) NRVS-aanlyndienste (vereis registrasie) onder die "Quick links" area links onderaan die tuisblad www.nrcs.org.za waar verklarings aanlyn gedoen en gemonitor kan word; of
2) die relevante periode se verklaringsvorm kan afgelaai word onder die "Levy Administration"-skakel regs bo-aan die webblad, waarna dit voltooi, gestoor, en teruggestuur kan word na die NRVS.

Indien die tweede opsie hier gebruik word is dit noodsaaklik dat die aanleg se uniektoegewysde HEF- of JDE-nommer op die verklarings verskyn, en dat 'n afskrif van die indieningsbewys gestoor word.

NBRHPS – NUUTSTE OMVATTENDE LOON- EN INDIENSNEMINGSVOORWAARDES VIR SAAGMEUL SEKTOR – EFFEKTIEF 1 JULIE 2016 TOT 30 JUNIE 2017

Die nuutste omvattende ooreenkoms op lone en indiensnemingsvoorwaardes vir die saagmeulkamer (ingesluit houtbehandelingsaanlegte, gesaagde hout en pale), is reeds op die 2 Augustus 2016 deur die onderhandelingspartye onderteken.

Loonverhogings: Die partye het ooreengekom op 'n loonverhoging van nie minder nie as 7.5% op die huidige werklike basiese loon, effektief vanaf 1 Julie 2016 vir alle werknemers in die onderhandelingseenheid.

Minimumloon: Die industrie se minimumloon is verhoog tot R3 100 p.m. terugwerkend vanaf 1 Julie 2016.

Die ooreenkoms is geldig tot 30 Junie 2017.

'n Afskrif van die ooreenkoms is beskikbaar by SAWPA of kan afgelaai word van ons webtuiste http://sawpa.co.za/topical-issues onder die eerste skakel getiteld "*"Substantive Agreement on Wages and other Conditions of Employment for the Sawmilling Chamber"*.

NUUSBROKKIES

- Theo Venter, 'n politieke analis, was die gasspreker by die onlangse SAWPA AJV gehou op 28 September. Lede wat 'n kopie van sy aanbieding wil hê is welkom om ons te kontak by sawpa@global.co.za.

- SAWPA het so pas 'n nuwe besending van rolle veiligheidsetikette ontvang en lede word aangespoor om van die etikette gebruik te maak. Bestellings kan geplaas word by Sue deur haar te kontak by sawpa@global.co.za.

- Ons verwelkom graag die nuwe klas 1-behandelaars wie se aansoeke tydens die onlangse uitvoerende bestuursvergadering goedgekeur is. Hulle is
  - Timber Jane Boupale – Hazyview,
  - Bosco – Somerset-Wes en
  - G&K Mouldings – George.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.